# GEMEENTEBULLETIN

## SONDAG 25 SEPTEMBER 2022

Kolossense 1:15-20

**Oggenddiens** 09:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Breytenbach (4)

**Familiediens** 09:00 in die kleinsaal en aanlyn | Ds. Visser (7)

**Meditatiewe diens** 09:00 in die kapel | Ds. Dietmann

**Aanddiens** 18:00 in die kerk en aanlyn | Ds. Schoombie

## SEISOEN VAN SKEPPING

Vanaf 16 Oktober tot 20 November 2022 beoog ons om in besonder stil te staan by dié veranderinge wat God in ons teweeg wil bring, sodat ons as sy kinders sy koninkryk prakties kan help uitbou. Ons nooi jou graag uit om in dié tyd by die volgende aanbiedings in te skakel:

- Eredienste: Beleef die diversiteit van ons gemeente se lidmate vanaf 16 Oktober tot 6 November, wanneer die oggend- en familiedienste gesamentlik om 09:00 in die kerkgebou aangebied word.
- Die Annibrand-groepe (kategese) sal tydens die feesmark – na die oggenddienste – in die kerk byeenkom.
- Bybelskool: Die Bybelskoolkursus (Oktober en November) sal handel oor hoe Paulus die uitdagings van verandering in die vroegste gemeentes moes hanteer.
- Gebedsgroepe: Skakel in by die mannegebedsgroep (Don. 06:00 markplein) en die asemskepgebedsgroep (Dins. 18:30 kapel).
- Dankoffer: Op die laaste Sondag in Oktober begin die tradisionele tiendemaandinsameling. Oorweeg dit asseblief om buiten jou maandelikse bydrae, ook tot ons tiendemaandinsameling by te dra.
- Feesmark: 17 Oktober tot 5 November.
- Kerssangdiens: Sondag 27 November om 19:00 in die kerk.

## SNAPSCAN

Gebruik gerus die SnapScan-toepassing om jou bankkollekte of dankoffer in te betaal.

Gebruik DO of KOL as verwysing.

### KONTAK ONS

021 976 4519

WhatsApp 081 045 2428

navrae@stellenberg.co.za

www.stellenberg.co.za

### GEBEDSVERSOEKE

Gebedsversoeke kan aan ds. René Potgieter by 079 893 8104 gestuur word.

### DEUROFFERS

**Seniorbediening**

Die bediening lewer 'n diens aan senior lidmate in die gemeente deur die aanbieding van programme en sosiale byeenkomste vir hulle.

## SPESIALE GEBEDSGELEENTHEID

Kom dra asseblief saam met ander gelowiges ons land en mense in gebed aan die Here op. Ons ontmoet op Dinsdag 25 Oktober om 18:30 in die kapel.

## VERKIES TOT DIE KERKRAAD

Die volgende lidmate is tot die kerkraad verkies:
Marius Saayman – Diaken en voorsitter tot die fondsekommissie.
Corné Oosthuizen – Ouderling.

## WOLSKENKINGS VIR DIE BREIGROEP

Die gemeente se breigroep wat musse, serpe en truie vir die jaarlikse uitreike brei, se wolvoorraad is uitgeput. Hulle benodig dringend skenkings van wol, geskik vir die brei van bogenoemde items. Kontantbydraes is ook welkom en kan per EFT na die gemeente se rekening oorgeplaas word. Gebruik asb. BREI as verwysing.

## FEESMARK

Die feesmark word vanaf 17 Oktober tot 5 November op die terrein en in die saalkompleks aangebied. Dit is vanjaar weer 'n volgrootte mark met 450 uitstallers en 'n groot verskeidenheid kosstalletjies. Lees in die September-uitgawe van die *Stellenberger* meer oor al die etes en lekkernye wat jy te wagte kan wees

Krediet-, debiet en Kaapse Verbruikerskaarte word aanvaar. Die mark sal ook oop wees tydens beurtkrag. Besoek die feesmark op weeksdae vanaf 10:00 tot 20:00 en Saterdae vanaf 09:00 tot 18:00.

Nooi asseblief jou vriende en familie om hierdie fondsinsamelingsprojek van die gemeente te ondersteun.

## *STELLENBERGER* SEPTEMBER-UITGAWE

Die September-uitgawe van die *Stellenberger* is nou elektronies beskikbaar op www.stellenberg.co.za en harde kopieë kan in die voorportaal van die kerk en in die kleinsaal afgehaal word. Indien jy nie die elektroniese weergawe per e-pos ontvang nie, kontak asb. vir Sanèl Joubert by sanel@stellenberg.co.za.

### KLEUTERKERK

09:00 in die grootsaal

### ANNIBRAND JUNIOR

Na die oggenddienste tot 10:45

Graad 1-3: kleinsaal

Graad 4-6: grootsaal

Graad 7: jeuglokaal

### ANNIBRAND SENIOR

Seniors woon die Relevantdiens om 18:00 in die kerk by en verdeel na die diens in kleingroepe.

### VROUEBYBELSTUDIE

Die Bybelstudiegroep vir vroue kom elke Maandag om 10:00 (slegs tydens skoolkwartale) in die ou kafeteria-area byeen. Hulle het op 22 Aug. met 'n nuwe reeks oor vroue in die Bybel begin. 'n Biduurbyeenkoms om 09:15 in die gebedskamer langs die kapel word voor die Bybelstudie aangebied.

## STOOR ONS WHATSAPP-NOMMER

Stoor asseblief die gemeente se WhatsApp-nommer (081 045 2428) op jou foon en raak deel van die gemeente se *broadcast*-lys sodat jy nuusbrokkies via WhatsApp kan ontvang. Dit is nie 'n WhatsApp-groep nie, wat beteken jou selfoonnommer, asook die ander lede op die lys se selfoonnommers, is nie sigbaar nie. Stuur jou naam en van per WhatsApp na 081 045 248 om op die *broadcast*-lys geplaas te word.

## NUWE LIDMATE

Indien jy nuut by die gemeente ingeskakel het, meld asseblief na die erediens by een van die leraars aan, of kontak die kerkkantoor by 021 976 4519 of odette@stellenberg.co.za. Ons wil jou baie graag persoonlik in die gemeente verwelkom.

## VATVYF-PROGRAM

Neem asseblief kennis van die volgende geleenthede wat vir die VatVyf-groep beplan word. Besprekings vir alle byeenkomste en uitstappies word by die kerkkantoor se ontvangs of 021 976 4519 gedoen. Bespreek asseblief jou plek teen die Maandag voor die beplande aktiwiteit.

| | |
|---|---|
| Woensdag 12 Okt. 09:30 | Uitstappie na Bloubergstrand. |
| Woensdag 02 Nov. 10:00 | Kuier by die feesmarkrestaurant. |
| Woensdag 23 Nov. 09:30 | Vrugte pluk op Hoogwaterplaas. |
| Donderdag 1 Des. 12:00 | Kersfeesete. |

## OMGEESTOOR

Die omgeestoor samel tweedehandse klere in en deel dit uit aan minderbevoorregte persone, of besorg die klere aan instansies wat dienste aan minderbevoorregte persone lewer. Gee gerus bruikbare tweedehandse klere by die kerkkantoor af. Ons sorteer dit en versprei dit volgens behoefte.

### ASEMSKEP-GEBEDSGROEP

Elke Dinsdagaand om 18:30 in die kapel. Enige iemand is welkom, sluit gerus by ons aan.

### STELLENBERG TERAPIESENTRUM

Die sentrum bied berading en mediasiedienste deur professionele persone aan. Spraak- en arbeidsterapeute asook 'n besigheids- en lewensafrigter se dienste word aangebied. Maak gerus 'n afspraak by 021 976 4519 (09:00 tot 13:00) of stuur 'n e-pos na therapy@ stellenberg.co.za.

Na-ure skakel 083 519 0602.

## SLUIT BY ONS WHATSAPP-GROEPE AAN

Skandeer enige van die QR-kodes hier onder om by die WhatsApp-groep van jou keuse aan te sluit.

**Bulletin en aanlyn oggenddiens**

**Daaglikse dagstukke**

**Nuusbrokkies vir jongvolwassenes**

**Tafelgesprekke vir families**

## GASVROUENS VIR DIE KAFETERIA

Twee gasvrouens wat op rotasiebasis die kafeteria op 'n Sondagoggend kan behartig, word benodig. Vergoeding word aangebied. Kontak Anneke by 021 976 4519/anneke@stellenberg.co.za vir meer besonderhede.

## FINANSIËLE BYDRAES

**EFT-betaling**

Dit kan oorbetaal word na ABSA-tjekrekening 145 058 0011, takkode 632005.

**Kontantbydraes**

Kan by die kerkkantoor inbetaal word, of in die beveiligde posbus op die kerkkantoor se stoep gegooi word.

**SnapScan**

EDELWEISS

BYBELSTUDIE

Hervat op 13 Oktober.

HUISDIENS

25 September om 18:00 in die sitkamer.

Romeine 11:33-35

Ons God is vir ewig!

HUIS ARISTEA

DURBANVLLE BEDIEN

Elke Vrydag om 10:00

tee en koek @ slegs R40.

EDELWEISS

Alle pensioenarisse word genooi om teen R70 per jaar as buitelede by die sentrum aan te sluit en dan van Edelweiss se dienste gebruik te maak. Navrae: Mev. Louw 021 976 1150.